Hoofstuk 9

Jan Harm (Jan) Steenkamp (g5)

(1894 – 1976)

In hierdie hoofstuk
Jan, Annie en Emmie
Hendrik Stephanus – bl.
Huibrecht – bl.
Adriena – bl.

Oorsig

Jan Steenkamp is gebore in 1894 en was 82 jaar oud toe hy in 1976 oorlede is. Hy was 'n veeboer.

Jan trou op 24-jarige leeftyd met die 27-jarige Annie Pretorius. Sy is in 1891 gebore en was 68 jaar oud toe sy in 1959 oorlede is.

Jan trou weer in 19?? met Emmie Jordaan, wat 'n weduwee Du Plessis was. Sy is gebore in 1896 en was 79 jaar oud toe sy in 1975 oorlede is.

Jan en Annie het twee dogters en 'n seun gehad**.**

Genealogiese gegewens

g5 STEENKAMP, Jan Harm (Jan): *Plek 20.4.1894; ≈Burgersdorp 29.4.1894[1]; †Hartswater 24.6.1976; # Burgersdorp, Ou Begraafplaas.

x Steynsburg GK 20.5.1918[2]: **PRETORIUS, Anna Sophia**: *Middelburg KP 9.2.1891[3]; ≈Middelburg KP GKSA 22.3.1891[4]; †Albert Distr., Mimosa 30.12.1959[5]; # Burgersdorp Ou Begraafplaas. Dogter van Petrus Jacobus Pretorius en Huibreg Catharina Florina Coetzee.

Eerste konsep

xx Bethulie Datum: **JORDAAN, Emmerentia Frederika**: *Plek 23.9.1896; ≈Plek Datum; †Plek 9.11.1975; # Bethulie. Dogter van naam en naam.

Jan as jong seun

Jeug

Soos in die vorige hoofstuk verduidelik is Jan vermoedelik na sy oupa Jan Harm van Wyk vernoem. Jan is gebore op 20 April 1894 as die vyfde kind in sy ouers se gesin. Hy is nege dae later op 29 April 1894 gedoop in die Gereformeerde Kerk, Burgersdorp[6].

Hy het gedurende sy kindertyd saam sy ouers op Dwaalfontein gewoon. Hy lê in 1912 belydenis van geloof af te Burgersdorp[8].



26 Jan Harm, geb 20 April 1894
ouers { Hendrik Stephanus Steenekamp
Anariana Petronella van Wyk
get { Hendrik Stephanus Coetzee
Francina Jacoba Steenekamp.

Doopinskrywing van Jan: GK Burgersdorp op 29.4.1894[7]

'n Jong Annie

Annie is gebore op 9 Februarie 1891. Sy het dieselfde name as haar ouma aan moederskant, Anna Sophia Venter. Sy word op 22 Maart 1891 gedoop in die Gereformeerde Kerk Middelburg, KP. Sy groei op in die Steynsburg omgewing, onder andere, op Hartebeesfontein op die plaas Waterval. Annie lê belydenis van geloof af op datum te plek.

Annie het as jongmeisie die kinders van Ds. Dirk Postma (M sn.) opgepas.

Jan was 'n boer van 24 jaar oud toe hy en Annie (27 jaar oud) trou in die GK Steynsburg in 1918.

Jan en Annie op hul troudag

Woonplekke

Jan en Annie woon eers op Dwaalfontein in die Distrik Burgersdorp en trek in die laat veertiger jare van die twintigste eeu na Mimosa. Hulle het ook sedert 1933 'n tuishuis op Burgersdorp gehad.

Toe Jan en Annie na Mimosa trek, was daar geen geboue op hulle gedeelte van die plaas nie. Hulle woon eers by Harm-hulle in. Jan bou 'n groot rondawel en hulle woon daarin totdat die buitegeboue klaar gebou is en toe woon hulle daarin. Die huis is toe eers gebou.

Na Annie se dood het Jan op Mimosa aangebly en later op Hartswater by sy seun Hendrik gaan woon. Toe hy 'n tweede keer trou, woon hy in die Vrede distrik en later op die dorp. Na sy tweede vrou sterf, gaan woon hy weer in 1975 by sy seun op Hartswater.

Eiendom

Die buitegeboue en huis wat Jan op Mimosa gebou het

Kaart ???: Mimosa[9]



Die noordelike deel van die plaas het aan Jan behoort. Die suidelike deel van die plaas, naaste aan die spoorweghalte Strydom het aan Harm behoort

Wat het van Dwaalfontein geword?

Op 21 Junie 1946 is die restant van perseel A van die Plaas Naauwpoort in die Distrik Albert, groot 599 morg en die restant van gedeelte 1 van perseel B van dieselfde plaas, groot 9 morg, bekend as Mimosa, aan Jan oorgedra.

Hy besit ook sedert 13.9.1933 die erwe 299 en 301 in Burgersdorp.

Na Annie se dood word die grond in gelyke aandele getransporteer op die kinders se name op 23 Mei 1961, maar Jan behou volgens die testament die vruggebruik op die grond.[10]

Die bates in Annie se boedel sluit aandele in Volkskas, Albert Koöperasie, Burgersdorp Handelsvereniging, Boere Saamwerk en Bowkers Park Romery in. Die boedel was £17548.6.3 groot sonder die vaste bates.

Beroep

Jan het eers saam met sy pa en sy broer Harm geboer met vee op Dwaalfontein in die Stormberge. Nadat sy pa en Harm na Mimosa getrek het, het hy alleen op Dwaalfontein voortgegaan met die boerdery. Later trek hy ook na Mimosa en boer daar veral met Merinoskape.



Die ooie het amper klaar gelam en sover baie goed gegaan. Ek sukkel ook niks. Ek kan alles nog in groen voer jaag, en sal deur deur kom tot die veld groei. maar dis net nog so bitter koud.

Brief van Jan aan sy seun Hendrik: Mimosa: 20.5.1952

Kerk

Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp: 1942
Jan is in die sittende ry vierde van links



Gereformeerde Kerk Burgersdorp. 1913.

Annie bring haar hele getroude lewe deur as lidmaat van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp. Jan was ook vanaf sy doop lidmaat van dié kerk totdat hy uit die Burgersdorp Distrik vertrek. Hulle drie kinders is daar gedoop. Jan was 'n ouderling in die gemeente[11].

Landsake

Politiek en landsake?

Gesin

Jan en Annie het drie kinders gehad:

- Huibreg, getroud met Johannes Daniel van Rensburg.
- Adriena, eers getroud met Frederik Francois Nortje en daarna met Willem Hermanus Hatting.
- Hendrik Stephanus, getroud met Maria Gertruida Jacoba Janse van Renburg.

Voor: Jan, Huibrecht, Babs en Annie
Agter: Koos

Laaste lewensjare

Jan

Emmie

Na Annie se dood het Jan op die plaas aangebly en met die boerdery aangegaan vir nagenoeg drie jaar. Hy het toe twee hartaanvalle in een nag gekry en sy prognose was swak. Sy kinders, Koos en Marietjie en Babs en sy suster Fien het hom afwisselend vir agt maande op die plaas versorg. Toe hy soveel beter was dat hy beweeg kon word, is sy goed tussen die kinders verdeel en het hulle die plaas verkoop.

Sy seun Hendrik en skoondogter Marietjie het hom toe ingeneem op Hartswater. Hy was nog bedlêend en het mettertyd begin loop en sterker geword. In hierdie tyd het Hendrik-hulle hul eie huis gebou en Jan het toe gevra dat hulle vir hom op sy koste ‘n kamer aanbou. Dit is toe gedoen. Hy het ongeveer 2½ jaar by Hendrik-hulle op Hartswater gebly.



Jan en Annie se grafte in die ou begraafplaas op Burgersdorp, met hul kleindogter Lilla Steenkamp

Hy het toe op Bethulie getrou met Emmie Jordaan wat ‘n weduwee Du Plessis was. Emmie het ‘n plaas in die Vrede Distrik gehad en hulle het daar gewoon. Toe Emmie die plaas verkoop, het hulle na Vrede getrek waar Jan ‘n huis gekoop het. Emmie is daar oorlede op 9 November 1975 toe sy 79 jaar oud was. Sy is begrawe op Bethulie by haar eerste man.

Toe Jan met Emmie gaan trou het, het hy gesê dat hy weet dat sy nie Annie se plek kan inneem nie, maar dat hy dit doen vir die saamwees. Na Emmie se dood het hy gesê dat dit ‘n goeie huwelik was.

Jan het toe weer by Koos en Marietjie op Hartswater gaan woon. Jan het vir Marietjie vertel dat, in sy tyd, as ‘n man 40 jaar geword het, was hy oud en het hy vir hom ‘n baard gekweek en op die stoep gaan sit en predikasieboeke gelees. Jan is op 24 Junie 1976 op Hartswater oorlede en begrawe te Burgersdorp. Hy was 82 jaar oud.

Kleinkinders en veral Hendrik en Pieter se bydraes oor Oupa Jan

Jan Harm (Jan) Steenkamp (g5)

Eerste konsep

Jan en Annie se kinders

Jan Harm (Jan) Steenkamp (g5)

Eerste konsep

Huibreg Steenkamp (h1) **(1919 – 1991)**







Oorsig

Huibreg Steenkamp was die oudste kind in 'n gesin van drie kinders en is gebore in 1919. Sy word 72 jaar oud voordat sy in 1991 oorlede is.

Die 25-jarige Huibreg trou in 1944 met die 24-jarige Daantjie van Rensburg. Daantjie is gebore in 1920 en is oorlede in 1991 toe hy 71 jaar oud was. Hy het in die Staatsdiens gewerk en as 'n Kommandant in die SA Weermag afgetree.

Huibreg en Daantjie het vier kinders gehad.

Huibreg en Daantie se kinders het gegewens oor hulle verstrek en Mietsie Johnson het 'n groot bydrae gelewer tot hierdie deel.

Genealogiese gegewens

h1 **STEENKAMP, Huibreg**: *Burgersdorp Distrik, Dwaalfontein[12] 1.12.1919; ≈Burgersdorp GKSA 18.1.1920[13]; †Pretoria 7.12.1991[14]; #Pretoria[15].

x Pretoria 9.12.1944: **VAN RENSBURG[16], Johannes Daniel**: *Middelburg Tvl. Dist. Witpoort 26 12.9.1920[17]; ≈Roossenekal 12.9.1920[18]; †Pretoria (1 Militêre Hospitaal) 12.8.1991[19]; #Krugersdorp, Sterkfontein Begraafplaas. Seun van Johannes[20] Hendrik Janse VAN RENSBURG en Helena Clasina Brown[21].

Lewensloop

Huibreg is gebore op 1 Desember 1919 terwyl haar ouers op die plaas Dwaalfontein in die Stormberge in die Distrik Albert (Burgersdorp) gewoon het. Sy was die oudste van haar ouers se drie kinders. Sy is gedoop in die Gereformeerde Kerk te Burgersdorp op 18 Januarie 1920. Sy is heel waarskynlik vernoem na haar ouma, Huibreg Catharina Florina Pretorius (geb. Coetzee), want die spelling van die name is dieselfde en volgens die benamingsgebruik kon verwag word dat die oudste dogter na haar ouma aan moederskant vernoem sou word. Sy lê belydenis van geloof af in die Gereformeerde Kerk Bloemfontein op 21 November 1936.

Na alle waarskynlikheid het Huibreg 'n plaasskool naby Dwaalfontein bygewoon en het sy daarna na Burgersdorp gegaan. Sy het 'n St. 8 sertifikaat by die Hoërskool Burgersdorp in Desember 1935 verwerf toe sy 16 jaar oud was. Haar vakke was Afrikaans Hoër Graad, Engels Laer Graad, Geskiedenis, Biologie, Natuur- en Skeikunde, Boekhou en Handelsrekene, Snelskrif Teorie (Engels) en Tikskrif.

Die Hoof van Burgersdorp Hoërskool beskryf die 16-jarige Huibreg in 'n getuigskrif as getrou, toegewyd, hardwerkend en voorbeeldig.

In 1936 het Huibreg begin klasse bywoon aan die Vrystaatse Tegniese Kollege om haar in 'n handelsrigting verder te bekwaam. Sy het ook in die tyd gewerk en dit is waarskynlik dat sy in geheel of gedeeltelik na-uurs

Eerste konsep

studeer het. Hier het sy uiteindelik Senior Snelskrif, Senior Shorthand, Afrikaans Senior, Handel Senior, Tikskrif Senior en Boekhou geslaag. Alhoewel so ‘n dokument nie opgespoor kon word nie, is dit waarskynlik dat sy die Nasionale Senior Sertifikaat verwerf het. Haar hoof studiejare was 1935 en 1936. Sy het ook die Taalbondeksamen geslaag.

Huibreg het deurgaans as klerk en snelskrif-tikster gewerk. Sy het vir vyf maande in 1937 by die Verkiesingskantoor gewerk en daarna vir drie maande by ‘n garage. Daarna werk sy vir ‘n kort rukkie in 1938 by die Departement van Mynwese en daarna, nog steeds in Bloemfontein, vir twee jaar vanaf 1938 tot 1940 by Colonial Mutual. Dit is nie duidelik wanneer Huibreg in Pretoria beland het nie, maar dit het blykbaar met haar aanstellings in die Staatsdiens te doen gehad. In 1943 is sy bevorder na die Departement van Landbou en Bosbou, maar weer gesekondeer na die Verdedigingshoofkwartier van die Departement van Verdediging.

Op 9 Desember 1944 trou die 25-jarige Huibreg in Pretoria met die 24-jarige Johannes Daniel (Daantjie) van Rensburg. Dit is heel waarskynlik dat sy en Daantjie mekaar in Pretoria ontmoet het, maar dinge moes ordelik geskied en sy moes die skriftelike toestemming van haar ouers kry om te trou al was sy reeds geruime tyd mondig.


Mimosa
Bergersdorp
12-11-44.
Hiermee gee ons beide
ons toestemming aan
ons dogter Huibreg Steenkamp
om in die huwelik te tree
met mnr. D. van Rensburg.
J H en A S. Steenkamp

“Hiermee gee ons beide ons toestemming aan ons dogter Huibreg Steenkamp om in die huwelik te tree met mnr. D Van Rensburg.

J H en A S Steenkamp”

Daantjie en Huibreg op 9.12.1944

Daantjie het nie die “Janse” voorvoegsel tot die Van Rensburg van gehad nie. Hy is gebore op 12 September 1920 in die Stofberg omgewing, Noordwes van Belfast in Mpumalanga. Hy is gedoop in die NGKerk Roossenekal op 12 September 1920 en die getuies was Richard F Brown en Anna Adriana Brown[22]. Hy en sy ma het by Daantjie se ouer broer Richard ingewoon. Dit is nie bekend wat die posisie met Daantjie se pa was nie.

Daantjie kry ‘n beurs om sy skoolopleiding te voltooi aan die Afrikaanse Hoër Seunsskool in Pretoria. Die beurs het sy skoolgelde en ‘n “bed” gedek, maar daar was nie geld in die beurs vir kos nie. Sy ouer broer, Richard, het maar gehelp met die kosgeld. Richard was ‘n kondukteur op die Spoorweg. Hy het los mielies opgetel en dit verruil vir skoene sodat Daantjie skoene kon hê. Daantjie het met ‘n fiets na en van Pretoria gery. Later het mense in Pretoria ook gehelp dat Daantjie versorg was. Hy verwerf sy Matrikulasie-Sertifikaat in 19?? Met die vakke ????

Daantjie het betreklik laat stadium belydenis van geloof afgelê in die NGKerk Pretoria op 2 November 1946.



VIR CHRISTUS EN DIE KERK

Ned. Herv. of Ger. Kerk

STAAN DAN VAS. WEES GETROU.

Mik Hoog

Aan Johannes Daniel van Rensburg.

Voorgestel te Pretoria.

op 2 Nov. 1946

Ter Herinnering

aan

u plegtige Bevestiging tot Lidmaat van die Ned. Herv. of Ger. Kerk van S.A.

in

Pretoria Gemeente.

met seënbede van U Leraar en Vriend,

G. J. Davidtsz.

Christus en Sy Kerk verlang dat u :-

1. Die Openbare Eredienste gereeld sal bywoon;
2. Die Heilige Sakramente getrou sal gebruik;
3. Sy Kerk en Gemeente na vermoe sal ondersteun;
4. Barmhartig sal wees en behoeftiges help;
5. Vir die uitbreiding van Sy Koninkryk sal bid en gee;
6. Ywerig sal werk tot opbou van die Gemeente;
7. U Huisgeëtsdiens en Binnekamer sal behartig;
8. Die Sonde sal verlaat en 'n Christelik lewe lei.

Belydenisaflegging: Daantjie



Vrae vir die Aflegging van Belydenis van Geloof in die Gereformeerde Gemeentes in Suid-Afrika

Formulier van Vrae

VRAAG 1.

Ten eerste vra ek u: of u van ganser harte glo en bely dat die boeke van die O. en N. Testament Gods enige en waaragtige Woord is en dat daarin, volgens aanwysing van die Artikels van die Christelike geloof, die enigste, volkome en genoegsame leer van die saligheid vervat is en in ons kerk alhier geleer word?

VRAAG 2.

Ten tweede: of u van ganser harte glo en bely dat ons in onsself deur die sonde heeltemal bedorwe is en, omdat ons tot enige goede werk onbekwaam is, die saligheid uit en deur onsself of deur enige van ons verdienstes geensins kan verkry nie?

VRAAG 3.

Ten derde: of u van ganser harte glo en opreg bely dat ons, alleen uit loutere liefde en genade van God weens die waardigheid van die verdienstes van Christus ons enigste en volkome Saligmaker, deur die verligting en kragtige werking van die Heilige Gees, deur die geloof die saligheid ontvang en daarin tot die einde toe deur Gods Kreg behou en bewaar word?

VRAAG 4.

Ten laaste: of u van ganser harte van voornemens is by dieselfde uniwere leer deur Gods Genade tot die einde van u lewe te volhard en in godsaligheid te wandel en of u ook die kerklike regering sal eerbiedig en u aan die kerklike tug sal onderwerp as dit sou gebeur dat u in enigiets u misgaan?

Teks:—„Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe waartoe jy ook geroep is, en die goeie belydenis voor baie getuie afgelê het."—1 Tim. 6 : 12.

Aan Huibregt Huibrecht Steenkamp

ter gedagtenis aan haar Belydenis van Geloof afgelê in die Gereformeerde Kerk op Bloemfontein op die 21ste November 1936 19

NAMENS DIE KERKRAAD:

V.D.M.

Belydenisaflegging: Huibreg

Skets van Daantjie by sy aftrede met ietwat gehawende voorkoms om te help dat hy en ander afgetredenes uit simpatie beter pensioen kan kry.[23]

Daantjie begin werk by die Mielieraad en werk, onder andere, te Leeudoringstad. Hy sluit daarna by die Department van Volkswelsyn en Pensioene aan en bring 'n deel van sy loopbaan in die Departement deur. Eers werk hy as Magasynmeester by die Sonderwater Rehabilitasiesentrum buite Pretoria. Daarna is hy 'n Pensioenebeampte in De Aar. Toe is hulle na Blanco by George vir 'n kort rukkie. Daarna word Daantjie te Krugersdorp geplaas.

In 1957 beskryf die Voorsitter van die Bestuursraad van die Sonderwater Werkkolonie, Prof. G Cronje, Daantjie as vriendelik en beskeie en iemand wat die kuns verstaan om met mense saam te werk en vertroue te wen. Hy is betroubaar met 'n sterk pligs- en verantwoordelkikheidsgevoel.

In 1966 begin Daantjie te Krugersdorp met die vestiging en bedryf van die Noodbeplanning funksie. Later word die funksie en hy oorgeplaas na na die Suid-Afrikaanse Weermag, waar hy aanbly totdat hy as Kommandant aftree. Die Minister van Verdediging maak in sy bedankingsbrief by Daantjie se aftrede melding van sy 42 jaar diens.

'n Groot gedeelte van Huibreg se loopbaan is reeds hierbo behandel. In 'n stadium moes sy in Pretoria by die firma George H Brink en Kie gewerk het. In 1957 skryf die Bestuurder van die firma aan Huibreg in De Aar en sê dat hy verneem dat sy weer terugkom na Pretoria. Hy vra of sy nie weer by hulle sal kom werk nie en watter salaris sy verlang.

Na hul troue gaan Huibreg oor na die NG-Kerk waarvan sy en Daantjie vir die res van hul lewens lidmate was. Daantjie was te Sonderwater ‘n Diaken.

Hul getroude lewe begin in Pretoria, toe is hulle na Leeudoringstad en daarna weer terug na Pretoria. Daarna woon hulle te De Aar in Groblerstraat 28 en later te Waterdal. In George het hulle in Blanco gewoon, net oorkant die nou bekende Francourt.

In Krugersdorp woon hulle agtereenvolgens te Piet Joubertweg 49, Monumentdorp, Tweedestraat 93, Krugersdorp-Noord, Burgerstraat 82, Krugersdorp en Kimberleystraat 3, Wentworth Park. Daantjie koop die huis in Wentworth Park in 1968 en dit is die eerste huis wat sy eiendom is.

Daantjie was lief vir houtwerk, tuinmaak, blokkiesraaisels voltooi en lees. Sondae het hy al vier die destydse Sondagkoerante gekoop en deurgelees. Hy het dan die berigte vergelyk en sy eie gevolgtrekkings gemaak. Te Sonderwater het hy jukskei en tennis gespeel. Hy het ook te Wolmaransstad in ‘n konsert toneel gespeel.

Huibreg was lief vir lees, het klere gemaak en die kinders praat nou nog van die brood wat sy gebak het.

In 1953 maak ‘n Ds. J T Jordaan in ‘n getuigskrif die volgende opmerking oor Daantjie: “Graag wil ek ook van Mnr. Van Rensburg getuig as mens en as Christen. Hy is in sy omgang aangenaam en vriendelik en steeds bereid om te enige tyd behulpsaam te wees. Met ‘n besondere sin vir humor beweeg hy tussen mense, en is te alle tye ‘n aangename mens om mee om te gaan.”



In ‘n brief van waardering van sy hoofde in 1955 word die volgende ingesluit: “Daar is ook melding gemaak van die lieflike humorsin wat u altoos openbaar het …”

Dis dan ook juis die humorsin waarvan sy kinders vertel. Toe hy een keer in die hospitaal was en Mietsie hom daar besoek, lees sy op sy hospital lêer by die bed dat daar geskryf is dat hy huweliksprobleme het. Dit kom toe uit dat die verpleegster vir hom gevra het of hy allergies vir iets is en hy toe gesê:“Nee wat, net vir die ou vrou”.

Toe Huibreg plaas toe is om daar te help, het Daantjie ook ‘n gaping gesien vir pret. Hy kry toe die Superintendent van die Sonderwater Werkkolonie om ‘n brief aan Huibreg te onderteken met die volgende inhoud:

“Geagte Mev.,

U eggenoot het my genader om aan u te skryf daar hy niks van u hoor nie. Hy verlang baie na sy kinders en meen dat dit onbillik is. Origens gaan dit goed met hom en hy pas uitstekend aan in u afwesigheid.

Hy is ook begerig om te weet of u bereid sal wees om in die nabye toekoms weer huweliksregte te herstel, en meen dat korrespondensie van u kant baie sal bydra om ‘n toestand van vervreemding te verhoed.

U spoedige aandag aan hierdie saak word waardeer.”

Hulle het gereeld gedurende skoolvakansies gaan kuier by Huibreg se ouers op Mimosa. Daarna het hulle vir ‘n week by die warmwaterbron te Aliwal-Noord gaan vakansie hou.

Jan Harm (Jan) Steenkamp (g5)

Eerste konsep

Huibreg was maar aan die stil kant maar kon maklik vir haarself lag. So kuier Mietsie eendag daar en kry haar aan die lag in die kombuis waar sy besig is om rooibostee te maak. Mietsie vra toe waarom sy so op haar eie staan en lag. Huibreg vertel sy is so ingedagte dat sy nie agterkom sy is besig om die teesakkies een vir een oop te skeur en in die teepot uit te skud nie! (Mens het mos eers net los rooibostee gekry.)

Sy was baie spaarsaam en Daantjie het altyd gesê dat jy kan sien sy het in die Kolonie groot geword - sy mors niks! Die seuns het ook op 'n gereelde basis wees voëltjies aangedra huis toe. Sy het die voëltjies met groot geduld gevoer – o.a. bont houtkappertjies, nonnetjies uiltjies en 'n swart kraai. Een van die bont houtkappers was langslewend en hy is vir 'n hele paar jaar elke oggend in 'n groter hok buite gesit en elke aand gevang in 'n kleiner hokkie gesit en ingebring. Die uiltjies en swart kraai het ongelukkig nie so lank oorleef nie

Huibreg en Hannes; Daantjie en Ansie

Huibreg met Jan en Mietsie, en Hannes en Ansie

Ansie, Hannes, Mietsie en Jan

Agter: Hannes en Jan
Middel: Daantjie, Ansie en Huibreg
Voor: Mietsie

Daantjie en Huibreg het vier kinders gehad:

1**. VAN RENSBURG, Anna Sophia** (Ansie) x **SCHROEDER, John Henry Louis (John).**
(Genealogiese gegewens van lewende persone word nie verstrek nie, maar is in databasis.)

2. **VAN RENSBURG, Johannes Hendrik** (Hannes) x **JACOBS, Catharina Elizabeth Maria (Ina).**
(Genealogiese gegewens van lewende persone word nie verstrek nie, maar is in databasis.)

Jan Harm (Jan) Steenkamp (g5)

Eerste konsep

3. **VAN RENSBURG, Jan Harm** (Jan) x **PULLEN, Marié-Louise (Marié).**
(Genealogiese gegewens van lewende persone word nie verstrek nie, maar is in databasis.)

4. **VAN RENSBURG, Helena Clasiena** (Mietsie) x **JOHNSON, Cornelius Jansen.**
(Genealogiese gegewens van lewende persone word nie verstrek nie, maar is in databasis.)

John en Ansie



Hannes en Ina

Jan

Mietsie

Daantjie het motoriese sensoriese neuron siekte opgedoen en metertyd die gebruik van sy arms verloor. Hy het nog vir ‘n tyd lank kar bestuur, maar kon dit later nie doen nie. Nog later kon hy sy arms glad nie beweeg nie.

Sy skoondogter Ina vertel dat sy hom vir ‘n tyd elke Dinsdag dorp toe geneem het. Dan moes sy die pad ry presies soos hy beduie en so is hulle van die een winkel na die ander. Dan het hy gevra of sy vir middagete gaan bly en of sy, byvoorbeeld, nie vir vis lus het nie – wat maar eintlik was waarvoor hy lus gehad het. Tuis moes sy dan belowe dat sy die volgende week weer sal kom.

Aan die einde het hulle albei by hul dogter Mietsie gewoon vir bietjie meer as twee jaar omdat sy die naaste aan die 1 Militêre Hospitaal was waarheen hulle vir mediese sorg moes gaan. By Mietsie is Daantjie deur Huibreg versorg wat letterlik alles vir hom moes doen omdat hy die gebruik van sy arms heeltemal verloor het. Daantjie is op die oggend van 12 Augustus 1991 in 1 Militêre Hospitaal opgeneem en is later die dag daar oorlede

Huibreg het van tyd tot tyd gekla van hoofpyn en maar hoofpyn pille gebruik, maar nie te veel daarvan gemaak nie. Vir haar was Daantjie se versorging prioriteit en het niks anders saak gemaak nie, allermins haar eie gesondheid. Sy kon dus eintlik al lank siek gewees het en dit maar net opsy geskuif.

Na Daantjie se dood het haar seun Hannes haar aangespoor om vir ‘n deeglike ondersoek te gaan met bloedtoetse, ens. Sy is toe gediagnoseer met bloedkanker. Met haar dogter Mietsie het sy nooit oor “bloedkanker” gepraat nie en dit altyd net “die siekte” genoem. Sy is oorlede op 7 Desember 1991 in 1 Militêre Hospitaal, Pretoria, nadat sy vir ongeveer ‘n week behandeling ontvang het,

Frans Nortje

Babs Nortje (Steenkamp)

Oriëntasie

Babs is gebore in 1921 en word bykans 78 jaar oud voordat sy oorlede is in 1999.

Die 25-jarige Babs trou met die 27-jarige Frans Nortje in 1946. Frans is gebore in 1919 en was bykans 40 jaar oud toe hy in 1959 oorlede is. Babs en Frans het drie kinders gehad.

Babs trou weer in 1969 en wel met Manna Hattingh. Hy is gebore in 1913 en was 68 jaar oud toe hy in 1981 oorlede is.

Erkenning

Babs en Frans se drie kinders, Antonie, Jan en Annie se hulp om die gedeelte te skryf was onontbeerlik en daar is groot waardering daarvoor.

Genealogiese gegewens

h2 **STEENKAMP, Andrina**: *Burgersdorp 7.9.1921; ≈Burgersdorp 6.11.1921; †Pretoria 3.04.1999[24]; # Pretoria-Noord.

x Pretoria GKSA 8.2.1946: **NORTJE, Frederick Francois (Frans)**: *Ellisras 11.12.1919; †Tzaneen 2.12.1959; #Tzaneen. Seun van Antonie Johannes Nicolaas[25] Nortje en Annie NN.

xx Tzaneen 6.03.1969: **HATTINGH, Willem Hermanus**: *Pretoria[26] 20.4.1913; †Pietersburg Hospitaal 22.10.1981; #Letsitele. Seun van naam en naam.

Lewensloop

Babs word op 7 September 1921 gebore. Haar ouers het in daardie stadium nog op Dwaalfontein in die Distrik Albert (Burgersdorp) gewoon. Sy het dieselfde naam as haar ouma Van Wyk (Steenkamp). Sy is gedoop op datum in die Gereformeerde Kerk Burgersdorp (bevestig dit).

Toe Babs ongeveer ses jaar oud was, het sy skarlakenkoors opgedoen en daarna het sy geleidelik doof geword. Sy is later na die Worcester Skool vir Dowes gestuur en ontvang haar St. 6 sertifikaat op 15 Maart 1937 vir die gewone akademiese vakke. Daarna kry sy ook praktiese opleiding in naaldwerk, kookkuns en dies meer.

Frans en Andriena in 1946

Babs, Antonie en Frans

Frans, Antonie, Andriena met Annie en Jan

Frans is gebore te Beska[27] naby Ellisras op 11 Desember 1919 en het daar grootgeword.

Frans het op vierjarige ouderdom begin doof word weens oorontsteking. Hy is ook na die Worcester Skool vir Dowes gestuur en het daar opleiding ontvang in onder andere houtwerk.

Frans was ‘n goeie rugbyspeler gewees en het op skool uitgeblink as naelloop atleet. Hy was kaptein van die Transvaal Dowes rugbyspan asook voorsitter van die Dowes Klub in Johannesburg.

Na haar opleiding het Babs by die Pretoria Hospitaal in die linnekamer kom werk en lakens gemaak. Die dowes was uitgeplaas na waar hulle werk kan kry en haar kinders vermoed dat sy en ander dowes in ‘n losieshuis gewoon het.

Sy het ook aan die vereniging vir die dowes behoort wat in Johannesburg gefunksioneer het. Daar het sy weer met Frans kontak gemaak. Hulle het mekaar geken vanaf die Worcester dae, maar toe geen verhouding gehad nie.

Babs en Frans is op 8 Februarie 1946 in Pretoria getroud. Hulle het eers in Boksburg gewoon waar hulle eerste kind, Antonie, gebore is. Daarna het hulle in Elsburg gewoon waar die ander twee kinders gebore is. Frans het gewerk as kabinet- en meubelmaker.

In 1956 het Frans ‘n stuk grond op die plaas Jaffray naby Letsitele gekoop en die gesin trek in middel van 1958 daarheen. Voor die gesin getrek het, het Frans eers eiehandig 'n groterige houthuis gedurende naweke gebou. Na die trek het Frans as skrynwerker by konstruksiewerke in Tzaneen en omgewing gewerk.

Op Woensdag 2 Desember 1959 het die skole gesluit. Frans sou sy seun Antonie langs die teerpad kry en hulle sou dan na Duiwelskloof ry. Daar was ‘n swaar reënstorm en Antonie kon nie langs die pad wag nie. Toe Frans by die plek kom waar hy Antonie sou oplaai, het hy gestop, uitgeklim en oor die pad gestap om te kyk waar sy seun is. ‘n Kar het teen hoë spoed oor die bult gekom en Frans raakgery en hy het veelvuldige beserings opgedoen. Met moeite het hulle Frans na die hospitaal op Duiwelskloof gebring, waar hy daardie nag oorlede is. Frans is begrawe in die ou begraafplaas te Tzaneen.

So eindig Frans en Babs se huwelik van sowat dertien jaar. Skielik moes Babs alleen die verantwoordelikheid neem vir die drie kinders wat onderskeidlik 12 jaar, 8 jaar en 3 jaar oud was. Sy het ‘n klein pensioentjie ontvang en het verder klere gemaak vir inkomste. Sy het ook 'n klein boerdery aan die gang probeer hou. Dit was moeilike jare. Haar seun, Jan, vertel hoe hulle vir hom ‘n pak klere gaan koop het vir belydenisaflegging en Babs aangedring het op kontantafslag alhoewel
sy met paaiement sou betaal. Sy het ‘n reëling met ‘n boekwinkel gehad om die tydskrifte wat nie verkoop word nie, aan haar te gee. Die voorblad is dan afgeskeur en so het Babs en die kinders baie leesstof gekry.

Babs is in 1969 getroud met Manna Hattingh. Hy was voorheen getroud, maar sy kinders was reeds uit die huis uit. Babs se twee seuns, Antonie en Jan, was ook al uit die huis uit, maar Annie was nog in die huis.

Manna Hattingh

Manna was ‘n boukontrakteur op Letsitele. Hy het ook met beeste geboer. Babs en Annie het na die troue by Manna in sy huis op die plaas Novengilla naby Letsitele gaan woon. Lateraan het hulle die plaas verkoop en op Tzaneen gaan woon.

In hierdie tyd het Babs ook die kafee op Letsitele Stasie gehad, waar sy kos gemaak en voorsien het. Daar was soms verwarring met wat bestel was as gevolg van Babs se doofheid en het die kliënte die verkeerde kos gekry, maar gelukkig kon hulle nie te veel stry nie, want die trein sou weer vertrek.

Na ‘n siekte is Manna op 22 Oktober 1981 oorlede in die hospitaal te Pietersburg en begrawe in die begraafplaas te Letsitele. So eindig Babs en Manna se huwelik van nagenoeg 12 jaar.

Babs gaan woon later te Potgietersrus te Bezuidenhoutstraat 95 om naby haar seun Antonie te wees. In 1986 het Babs na Pretoria verhuis en tot haar dood by haar dogter, Annie, ingewoon.

Met Frans se begrafnis 1959

Jan, Babs, Antonie en Annie: Tzaneen 1963

Haar kinders vertel dat Babs, ondanks haar gestremdheid ‘n baie positiewe mens was wat met ondernemingsgees dinge aangepak het om sinvol besig te wees. Sy het baie goed naaldwerk gedoen en geborduur en was lief vir tuinwerk. Sy het wyd gelees en ‘n verklarende woordeboek by haar gehad wanneer sy lees sodat sy die betekenis van onbekende woorde kon naslaan. Daarby was sy baie betrokke by haar kerk – die Pretoria NGK vir Dowes.

Babs is op 3 April 1999 te Pretoria oorlede en is begrawe in die begraafplaas in Pretoria-Noord. Frans en Babs het drie kinders gehad soos volg:

Foto van Antonie en Jana.

NORTJE, Antonie (volle name). x Nooiensvan en volle name van Jana.

Foto van Jan en Aletia.

NORTJE, Jan Harm x VENTER volle name van Aletia.

NORTJE, Annie

Eerste konsep

Hendrik Stephanus Steenkamp (h3)

(1927 – 1983)





Oriëntasie

Koos (Hendrik) Steenkamp is gebore in 1927 en is in 1983 oorlede toe hy 56 jaar oud was. Hy was'n apteker.

Koos trou op 27 November 1950 met Marietjie Steenkamp. Sy is gebore in 1922. Hulle huwelik duur 32 jaar en hulle het vyf kinders.

Koos en Marietjie het albei aktief deelgeneem aan die kerk- en gemeenskapslewe en leiding daar geneem.

Marietjie is in 2015 oorlede in die ouderdom van 92 jaar.

Koos en Marietjie se storie verskyn in Hoofstuk 29.

Genealogiese gegewens

h3 STEENKAMP, Hendrik Stephanus: *Burgersdorp Dist. 5.1.1927; ≈Burgersdorp, GKSA 6.2.1927; †Pretoria 30.1.1983; #Hartswater. Seun van Jan Harm (Jan) Steenkamp en Anna Sophia Pretorius.

x Hertzogville Distr. Vlakfontein 27 Nov 1950: JANSE VAN RENSBURG, Maria Gertruida Jacoba: *Hertzogville Dist. Vlakfontein 27.8.1922; ≈Hertzogville. NGK 12.11.1922. ID220827 00 29 082.

Eerste konsep

[1] *FamilySearch, South Africa, Reformed Church Records* https://**familysearch**.org/search/collection/1918294 Doopregister van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp. Dokumente in skrywer se bewaring. Doopseël.
[2] Argief GKSA. Huweliksregister Steynsburg 5.1.2.
[3] Argief GKSA. Doopregister Middelburg KP 4.1.2 en KAB MOG 1/1/396 Verw. 199/60.
[4] Argief GKSA. Doopregister Middelburg KP 4.1.2.
[5] KAB MOG 1/1/396 Verw. 199/60.
[6] Geen doopgetuies.
[7] *FamilySearch, South Africa, Reformed Church Records* https://**familysearch**.org/search/collection/1918294 Doopregister van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp.
[8] GKSA Argief. Lidmaatregister Burgersdorp 1866 – 1963 3.1.4.
[9] Madmappers DVD: Kaart 3026CC: GEO (WGS 84) –(26.20793420, -30.79816364) 30°47'53.39"S, 26°12'28.56"O.
[10] KAB MOG 396 Verw. 199/60 (Annie se boedel).
[11] Kerkraad van die Gereformeerde Kerk van Burgersdorp: *Die Gereformeerde Kerk, Burgersdorp: Gestig 21 Januarie 1860 op die plaas Roosterhoek*:*Gedenkalbum by geleentheid van die Eeufees 22 – 24 Januarie 1960*: Versprei deur: Die Kerkraad, Posbus 119, Burgersdorp. Bl. 211.
[12] Afgelei van die blyplekke van die ouers.
[13] Kry verwysing
[14] Johnson, Mietsie (Helena Clasiena Johnson, geb. Van Rensburg): Onderhoud en e-pos.
[15] Johnson, Mietsie (Helena Clasiena Johnson, geb. Van Rensburg): Onderhoud en e-pos.
[16] Volgens sy geboortesertifikaat en sy gebruik van sy van tydens sy lewe het hy nie die "Janse" gedeelte van die van gehad nie.
[17] Geboortesertifikaat B1280 waarvan 'n afskrif beskikbaar gestel is deur Johnson, Mietsie (Helena Clasiena Johnson, geb. Van Rensburg).
[18] NG Kerk Roossenekal. Doopseël uitgereik te Lagersdrif op 16 Mei 1946. Afskrif verstrek deur Johnson, Mietsie (Helena Clasiena Johnson, geb. Van Rensburg).
[19] Johnson, Mietsie (Helena Clasiena Johnson, geb. Van Rensburg): Onderhoud en e-pos.
[20] NG Kerk Roossenekal: Doopseël uitgereik te Lagersdrif op 16 Mei 1946: Afskrif verstrek deur Johnson, Mietsie (Helena Clasiena Johnson, geb. Van Rensburg). Op die doopseël word die vader se eerste naam as Jan aangegee.
[21] Johnson, Mietsie (Helena Clasiena Johnson, geb. Van Rensburg): Onderhoud en e-pos.
[22] NG Kerk Roossenekal. Doopseël uitgereik te Lagersdrif op 16 Mei 1946. Afskrif verstrek deur Johnson, Mietsie (Helena Clasiena Johnson, geb. Van Rensburg).
[23] Kommandement Witwatersrand: Bulletin: Vol.2 No.4: 4.9.1980.
[24] *FamilySearch, South Africa, Reformed Church Records* https://**familysearch**.org/search/collection/1918294 Doopregister van die Gereformeerde Kerk Burgersdorp.
[25] Daar is onsekerheid oor die name "Johannes Nicolaas".
[26] Daar is onsekerheid oor die geboorteplek.
[27] Die geboorteplek is onseker.